Bloemfontein Baptiste Kerk
Saam groei ons tree vir tree

# JESUS HORISONTAAL 1 – Horisontale Liefde

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Het jy al iemand in die verlede gehelp of bygestaan, maar dit het nie uitgewerk nie of dit is in jou gesig terug gegooi? Vertel bietjie meer?**

**Hoe het die bogenoemde jou laat voel? Het dit 'n invloed gehad of jy weer mense sal help? Verduidelik.**

**Op watter manier het iemand jou al bygestaan of gehelp in jou moeilike tye? Watter verskil het dit gemaak? Was jy altyd gewillig om gehelp te word? Verduidelik.**

**Hoekom dink jy is dit vir God so belangrik dat ons ander mense sal liefhê?**

**Wat dink jy is van die grootste redes hoekom mense sukkel om ander te help of by te staan?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Johannes 13:34-35; 15:12-13, 15:17. Watter twee konsepte vind ons in al drie hierdie gedeeltes?**

**As dit 'n opdrag van Jesus is om ander lief te hê, wat is die gevolg as ons dit nie doen nie?**

**Hoekom dink jy maak baie Christene hierdie opdrag opsioneel?**

**1 Johannes 4:7-8, 20-21. Wat staan vir jou uit in hierdie gedeeltes?**

**1 Johannes 3:10, 14. Wat is die bewyse dat ons kinders van God is volgens hierdie verse?**

**1 Johannes 3:11-24. Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte ten opsigte van liefde vir mekaar?**

**Galasiërs 5:6. Wat is die belangrikste ding volgens hierdie vers? Hoe stem dit ooreen met 1 Johannes 3:18?**

**Wat dink jy kan die gevolg wees as ons meer ernstig ag slaan op hierdie opdrag van Jesus?**

**Kyk hoeveel van die MEKAAR opdragte in die Nuwe Testament (bid vir *mekaar*; vergewe *mekaar*, ens.) kan julle as groep onthou. Maak 'n lys.**

**Vir watter persoon kan jy hierdie week liefde wys? Op watter manier kan jy een van bogenoemde gebruik om dit te doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**